higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

INLEIDENDE MODETEKENINGE N4

(10010464)

14 November 2022 (X-vraestel)
09:00–12:00

BENODIGDHEDE: **Antwoordboek**
1 bladsye A3-tekenvel (nog beskikbaar vir rofwerk)
5 bladsye A4-tikpapier (nog beskikbaar vir rofwerk)
Alle nodige kunsmediums en toerusting vir Inleidende Modetekeninge, mag gebruik word.
Gom

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye en 5 addenda.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INLEIDENDE MODETEKENINGE N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is
4. Begin elke vraag op ŉ nuwe bladsy
5. Gebruik slegs ń swart of blou pen
6. Skryf jou eksamennommer op alle tekenvelle
7. Skryf netjies en leesbaar

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Bestudeer die skets hier onder en maak ń produksietekening van slegs die vooraansig van die dogtersrokkie. Gebruik die figuurgids ('croquis') in ADDENDUM A (aangeheg). Hou al die vereistes vir ń goeie produksietekening in gedagte. Gebruik die A4 tikpapier. Plak die skets in jou ANTWOORDBOEK. (10)



Source: *Pinterest*

1.2 Gebruik enige kleurmedium van jou keuse om die uitrusting mee af te rond op ADDENDUM B (aangeheg) deur gebruik te maak van ń *gesplete komplimentêre kleurskema. (*'split complementary colour scheme'*).*
Plak dit in jou ANTWOORDBOEK. (10)

1.3 Lyne skep visuele indrukke.
Noem VYF soorte lyne in damesmodes. (5)
[25]

VRAAG 2

2.1 Definieer die term *mode-illustrasie* ('fashion illustration'*).* (5)

2.2 Harmonie is ń kunsbeginsel in ontwerp. Beantwoord die volgende vraag met betrekking tot hierdie beginsel:

2.2.1 Gee ń ander woord vir *harmonie.* (1)

2.2.2 Verduidelik die term *harmonie.* (4)

2.3 Balans word gedefinieer as die gelyke verspreiding van gewig van ń sentrale punt of area af.
Noem DRIE soorte balans. (3)

2.4 Gebruik ADDENDUM C (aangeheg) en teken die vooraansig van *ń groot kind*.
Benoem al die plasingslyne en nommer elke afdelling ooreenkomstig.
Plak die tekening in jou ANTWOORDBOEK. (8)

2.5 Verduidelik die term *analoë kleurharmonië* en gee EEN voorbeeld daarvan. (4)
[25]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 3

Jy word versoek om die volgende romp en bloes vir die administratiewe personeel by jou kollege te ontwerp:

3.1 Gebruik ń A4 tikpapier en teken ń *plat tekening* van ń damesromp met die volgende spesifikasies:

- Heupstuk met middellyfpylnate
- Mesplooie
- Reguit middelband.

Hou al die vereistes vir ń goeie plat tekening in gedagte. Gebruik die figuurmodel op ADDENDUM D (aangeheg). (50)

3.2 Gebruik ń A4 tikpapier en teken ń *produksietekening* van ń geskikte bloes met die volgende spesifikasies:

- Kontoerpylnate
- Middelvoor (MV) knoopopening met aparte knoopstrook.
- Skouerstuk
- Hempsmou met mouboordjie
- Mandarynkraag

Hou alle vereistes vir ń goeie produksietekening in gedagte. Gebruik ADDENDUM D (aangeheg). (25)
[75]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1 Ontwerp ń plakkaat vir ń modeparade van somersdrag vir kinders en sluit die volgende in:

- Interessante naam vir die gebeurtenis (titel)
- Kort beskrywing
- Adres
- Datum
- Koste

Voorstellingstekeninge (‘presentation sketches’) van jong dogters in DRIE kleurvolle uitrustings.
Hou alle vereistes vir ń goed ontwerpte plakkaat in gedagte.
Gebruik ń A3 tekenpapier.
Plak die tekening in jou ANTWOORDBOEK. (50)

4.2 Gebruik ADDENDUM E (aangeheg) en teken ń ¾ aansig van ń volwasse vroulike figuur.
Benoem al die plasingslyne en nommer elke afdeling ooreenkomstig.
Plak die tekening in jou ANTWOORDBOEK. (25)
[75]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

EKSAMENNOMMER: | | | | | | | | | | | | | |

ADDENDUM A
VRAAG 1.1



EKSAMENNOMMER: | | | | | | | | | | | | | |

ADDENDUM B
VRAAG 1.2



EKSAMENNOMMER: | | | | | | | | | | | | | |

ADDENDUM C
VRAAG 2.4

BALANCE LINE	

EKSAMENNOMMER: | | | | | | | | | | | | | |

ADDENDUM D
VRAAG 3.1 EN VRAAG 3.2



EKSAMENNOMMER: | | | | | | | | | | | | | |

ADDENDUM E
VRAAG 4.2

BALANCE LINE	

Kopiereg voorbehou